

Probleemplant vir vee en veeboere

Dichrostachys cinerea (sekelbos) (Deel 5)

deur prof Charlie Reinhardt, onkruidkundige, en dr Wayne Truter, weidingkundige, departement plantproduksie en grondkunde, Universiteit van Pretoria (Foto's deur prof Charlie Reinhardt)

Sekelbos, oftewel *Dichrostachys cinerea*, is 'n inheemse plant wat waardevolle weiding en harde, duursame hout voorsien. Daar is twee subspesies van *Dichrostachys cinerea*: subspesie *africana* (variëteit *africana* en variëteit *pubescens*), en subspesie *nyassana*. Beide subspesies is klein meerstammige boompies (kleiner as 5 m) of struik.

Subspesie *africana* vertak laer aan die grondoppervlak en vertoon daarom digter as die subspesie *nyassana*. Laasgenoemde word grootblaarsekelbos genoem omdat dit groter dubbelveervormige blare as eersgenoemde het - tot 25 cm lank met tot twaalf veerpare en 27 pare blaartjies per veer by *nyassana*. Daarteenoor is *africana* tot vyf sentimeter lank met agt veerpare en dertig pare blaartjies per veer. Dorings, wat gewysigde sytakies is, is harder, skerp en meer opvallend by *nyassana* as by *africana*.

Die twee subspesies verkies verskillende grondtipes. Subspesie *africana* kom voor op swaar grond (hoog in klei), wat uit doleriet ontstaan het, en selfs brak grond. Daarteenoor kom subspesie *nyassana* net voor op goedgeloogde (suur), sanderige grond van kwartsitiese oorsprong.

Bosverdigting

Beide subspesies van sekelbos is geneig om digte stande te vorm. Hierdie neiging van sekelbos tot bosverdigting besorg dit, saam met verskeie ander inheemse boom- en struiksoorte, die klassifikasie van 'indikator van bosverdigting' kragtens Regulasie 16A van die *Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (CARA)*, 1983 (Wet 43 van 1983). Inheemse 'verdigterspesies' of 'bosverdigters' is op sigself nie 'n probleem nie, maar is wel simptome en aanwysers van swak veldbestuur. Nie minder nie as 78 inheemse boom- en struiksoorte in Suid-Afrika word as bosverdigters beskou; hiervan is 35% *Acacia*-soorte.



Bestuursprogramme vir sekelbos moet langtermynbestuursprojekte wees met goeie opvolgaksies van die skoongemaakte area. Dit sal geld, tyd en aansienlike moeite bespaar. Dit is belangrik dat die program begin in die area wat die minste vervuil het, want dit verhoed die opbou van die saadbank. Minder hulpbronne word benodig om minder digte areas skoon te maak en sal 'n groter langtermyn invloed hê.

Dit is ook belangrik dat wanneer sekelbos beheer word, dit slegs moet geskied as bome dig teen mekaar staan en nie noodwendig wanneer enkele bome in die veld voorkom nie. Daar is al verskeie keer waargeneem dat wanneer enkele bome verwyder word, dit die grondtoestande onder die verwyderde boom so verander, dat dit die dormante saad die geleentheid gee om te ontkiem.

Gesamentlike bestuur

Daar word aanbeveel dat gesamentlike bestuursplanning en bestuur tussen grondeienaars plaasvind, wat dan meer kostedoeltreffende uitwissing en onderhoud sal laat geskied, aangesien indringersaad maklik deur wind of diere oor grensdrade versprei word. Dit is ook belangrik dat die rol wat vuur in sekelbos-skoonmaakaksies speel, in ag geneem moet word.

Doeltreffende branding moet goed bestuur word om as 'n kostedoeltreffende

metode beskou te word. Ontydige en onbeheerde brande kan soms die doel van meganiese en chemiese beheer van sekelbos belemmer. Hoewel brande doeltreffend kan wees in die beheer van sekelbosbome, sal sodanige brande goeie ontkiemingstoestand skep vir nuwe saailinge. Dit is dus belangrik dat daar na 'n brand opgevolg word met die uittrek van saailinge per hand, of in gevalle waar daar min plantegroei is, kan die spuit van onkruidodder oorweeg word.

Vir die meeste inheemse bosverdigters is een of meer soorte onkruidodders nodig vir die beheer daarvan, wat geregistreer is ingevolge die *Wet op Misstawwe, Veevoere, Landbou- en Veehulpmiddels, 1947* (Wet 36 van 1947). Verskeie onkruidodders is vir die beheer van sekelbos geregistreer. Die keuse van onkruidodder hang af van die wyse waarop dit toegedien gaan word, en wel: lugtoediening (per vliegtuig), stompbehandeling (*cut stump*), toediening aan blare of toediening aan die grond.

Die onkruidodders (handelsnaam en aktiewe bestanddeel) wat vir beheer van sekelbos in 2011 geregistreer is, afhangend van die wyse van toediening daarvan, is in *Tabel 1* gelys.

Veldbestuur en diereproduksie

Sekelbos is bekend vir stikstoffsiklasie wat verantwoordelik is vir die verhoging van die grond se vrugbaarheid. Die boom het

Tabel 1: Middels sedert 2011 geregistreer vir sekelbosbeheer

Handelsnaam	Aktiewe bestanddeel	Wyse van toediening
Bushwacker GG toediening aan grond	Bromasil	Lugtoediening en
Access 240 SL	Pikloram	Lugtoediening
Access 240 SL	Pikloram	Stompbehandeling en toediening aan blare
Browser	Pikloram	Stompbehandeling en toediening aan blare
Brush-Free	Bromasil	Grondtoediening
Bundu SC	Bromasil + Tebuthiuron	Grondtoediening
Molopo 200 GG Molopo 500 SC Molopo 800 WG Limpopo	Tebuthiuron	Grondtoediening



die vermoë om grond vinnig te koloniseer en gronderosie tot 'n mate te beperk. Die boom se peule is baie voedsaam vir vee en wild, en indien dit geëet word, kan die saad van die bome op die manier versprei word.

Hoewel die boom 'n groot bydrae maak tot die dieet van sekere diere en die grondvrugbaarheid van die betrokke area, is die grasse wat in die boom se nabyheid groei, ook baie smaaklik. Hierdie smaaklike grasse word verkieslik beweï en veral in tye van droë en warm klimaatstoestande kan die graslaag oorbeweï word. Sodoende word kompetisie verwyder en ruimte geskep vir vestiging van sekelbossaailinge, en is daar minder van die graskomponent wat dien as brandstof in 'n brandgebaseerde bestrydingsprogram.

Oorbeweïding

Oorbeweïding word as een van die belangrikste redes beskou vir die verskynsel

dat bome en struik toeneem of tot so 'n mate verdig, dat ander waardevolle plante soos kruidagtige en grasse verdring word. Die toekamp van plase met gepaardgaande onoordeelkundige kimpindelings, te hoë veeladings en ondoeltreffende bestuurspraktyke, lewer ook 'n groot bydrae tot sekelbosverdigting.

Vergelyk die hedendaagse landskap met ou foto's van Suid-Afrikaanse landskappe - vandag neig bos om veel digter te wees, en welige grasveld is minder algemeen as so sestig tot honderd jaar gelede. Oorbeweïding is sekerlik dié belangrikste oorsaak van agteruitgang van grasveld.

Verder is die afwesigheid van natuurlike veldbrande waarskynlik ook 'n belangrike faktor. Met min gras of lae biomassa teenwoordig, is dit in elk geval nie moontlik om vinnige, warm veldbrande te gebruik om bosverdigting te verlig nie. Dit is uiters belangrik dat veldbestuurstrategieë so ge-

implementeer word dat genoegsame gras verseker word op gedeeltes van die plaas wat gebrand gaan word as deel van die sekelbosbeheerprogram.

Kompetisie

Die toename in boombevolkings is dus verantwoordelik vir die degradering van grond. Een van die eerste gevolge daarvan is die verlaging van die dravermoë van veldweïding en gevolglik die verlaagde vermoë om veetroppe en wild te dra. Met die bestuur van savannagebiede, waar sekelbos algemeen voorkom, is dit belangrik om te verseker dat grasvreters tot blaarvreters in die korrekte verhouding is met die plaas se plantegroeisamestelling.

'n Wanbalans in die diereverhoudings kan lei tot verhoogde druk, byvoorbeeld op die graskomponent, wat sal lei tot oorbeweïding. Die dinamiek van verminderde kompetisie met grasse en 'n toename in oorbeweïde areas gee aanleiding tot kenmerkende struikverdigting. Struik- of boomverdigting beperk ook diere se toeganklikheid tot die graskomponent van die gebied, wat lei tot die oorskadu van grasse en beïnvloeding van hulle groei potensiaal.

Behalwe die vereiste bestuursinsette om dié probleemplant te beheer, is dit belangrik om goeie monitering te handhaaf om die doeltreffendheid van die bestuursplan te verseker. Die beheer van sekelbos is 'n jaarlikse inset en kan nie oorgesien word nie, maar kan mettertyd met goeie veldweïdingsbestuur minder aandag verlang.

Bronne en addisionele leesstof /navrae:

1. Acocks, JPH. 1988 (3^{de} druk). *Veld types of South Africa*. Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Departement van Landbou en Watervoorsiening.
2. Bromilow C. 2010. *Probleemplant en indringeronkruid van Suid-Afrika*. Briza Publikasies, Pretoria.
3. Van Wyk P. 1994. *Veldgids tot die bome van die Nasionale Krugerwildtuin*. Struik Uitgewers (Edms) Bpk.

Vir meer inligting, skakel die skrywers:

Wayne: 083 470 3964 /

E-pos: wayne.truter@up.ac.za

Charlie: 083 442 3427 /

E-pos: Charlie.reinhardt@up.ac.za 